**Titel:** Vennootskap met God III
**Spreker:** Phillip Boshoff
**Datum:** 27 Junie 2010
**Tyd:** 9:00

### Gewillig en bekwaam

**Filippense 2:13 (NV)**

13want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om Sy wil uit te voer.

### Ewigheids kos

**Johannes 4:31-34**

31En intussen het Sy dissipels by Hom aangedring en gesê: Rabbi, eet. 32Maar Hy sê vir hulle: Ek het
voedsel om te eet waar julle nie van weet nie. 33Die dissipels sê toe vir mekaar: Het iemand dan vir
Hom ete gebring? 34Jesus sê vir hulle: My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het
en om Sy werk te volbring.

### Waarvoor is jy gewillig?

**1 Kronieke 29:1-9**

1Verder het koning Dawid aan die hele vergadering gesê: My seun Salomo, die een wat God verkies
het, is jonk en teer, en die werk is groot, want nie vir 'n mens is die paleis nie, maar vir die HERE
God. 2En uit al my krag het ek gereed gelê vir die huis van my God: goud vir die goue en silwer vir die
silwer-- en koper vir die koper--, yster vir die yster-- en hout vir die houtwerke; oniksstene en stene
om in te lê, swart en veelkleurige stene, en allerhande kosbare stene en marmerstene in menigte.
3Bowendien, omdat ek behae het in die huis van my God, besit ek persoonlik goud en silwer; dit gee
ek aan die huis van my God bo en behalwe alles wat ek vir die huis van die heiligdom in gereedheid
gebring het: 4drie duisend talente goud, uit goud van Ofir, en sewe duisend talente gelouterde silwer
om daarmee die mure van die geboue oor te trek; 5goud vir die goue en silwer vir die silwervoorwerpe
en vir al die werk van kunstenaarshand. Wie bied hom dan vandag gewillig aan om sy hand te vul vir
'n offer aan die HERE? 6Toe het vrywillig gegee: die familie-owerstes en die stamowerstes van Israel
en die owerstes oor duisend en oor honderd en ook die owerstes oor die diens van die koning. 7En
hulle het gegee vir die diens van die huis van God: aan goud vyf duisend talente en tien duisend
darieke; en aan silwer tien duisend talente; en aan koper agttien duisend talente; en aan yster
honderd duisend talente. 8En by wie edelgesteentes gevind is, hulle het dit gegee vir die skat van die
huis van die HERE onder toesig van Jéhiël, die Gersoniet. 9En die volk was bly oor hulle gewilligheid,
want met 'n volkome hart het hulle vrywillig aan die HERE gegee, en ook koning Dawid was baie bly.

**Filippense 2:12**

12Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen
nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing;

### Die regte manier?

**Johannes 6:1-14**

1Daarna het Jesus na die oorkant van die see van Galiléa, dit is, van Tibérias, gegaan; 2en 'n groot
menigte het Hom gevolg, omdat hulle sy tekens gesien het wat Hy aan die siekes doen. 3En Jesus het
op die berg geklim en daar met sy dissipels gaan sit. 4En die pasga, die fees van die Jode, was naby.
5Toe Jesus dan sy oë opslaan en sien dat 'n groot menigte na Hom kom, sê Hy vir Filippus:
Waarvandaan sal ons brood koop, sodat hierdie mense kan eet? 6Maar Hy het dit gesê om hom op die
proef te stel, want Hy het self geweet wat Hy wou doen. 7Filippus antwoord Hom: Brood vir twee
honderd pennings sal nie genoeg wees vir hulle, sodat elkeen van hulle 'n stukkie kan kry nie. 8Een
van sy dissipels, Andréas, Simon Petrus se broer, sê vir Hom: 9Hier is 'n seuntjie wat vyf garsbrode en
twee vissies het, maar wat is dit vir so baie mense? 10En Jesus sê: Laat die mense gaan sit. En daar
was baie gras op dié plek. Die manne het toe gaan sit, omtrent vyf duisend in getal. 11En Jesus het
die brode geneem, en nadat Hy gedank het, deel Hy dit uit aan die dissipels en die dissipels aan die
wat daar sit; so ook van die vissies, soveel as hulle wou hê. 12En nadat hulle versadig was, sê Hy vir

sy dissipels: Maak die brokstukke bymekaar wat oorgeskiet het, sodat niks verlore gaan nie. 13Hulle maak toe bymekaar en het twaalf mandjies gevul met brokstukke van die vyf garsbrode wat oorgeskiet het by die wat geëet het. 14Toe die mense dan die teken sien wat Jesus gedoen het, sê hulle: Hy is waarlik die profeet wat in die wêreld sou kom.

**Verskillinde genadegawes**

**Rom12:6-8**

6En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is: 7is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering; 8of wie vermaan, in die vermaning; wie uitdeel, in opregtheid; wie 'n voorganger is, met ywer; wie barmhartigheid bewys, met blymoedigheid.